

Joh.3:16-24+36 **Ou Kersaand 2016**

God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.

En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg. Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie. Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is.

36 Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.

Liewe gemeente,

Soos reeds gesê, plaas ons in die middelpunt van ons erediens en hopelik van ons lewe hierdie wonderlike, bekende vers. Jy mag dalk vra: maar ek ken hom reeds. Gee vir my iets nuuts, iets vars, iets verbasend! Wel, ek dink, jy kan begin, deur die klem op elke woord te lê:

God het die wêreld so lief gehad

Het jy enige benul wat jy sê wat “God” beteken? Die hoogste, denkbare, absolute bestaan van alles kenmerk ons met die woord “God”. En welliswaar nie enige God nie, maar die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. Die Ene wat aan die begin hemel en aarde gemaak het, wat die oorsprong van alles is en soos ons aan die begin gelees het, uit wie alle dinge ontstaan het. Die Grieke het die Absolute ook die Logos genoem, die wêreldgees wat alles deurdring en alles beheer. Ons kyk graag in die hemelruim en luister na wetenskaplikes se inligting. Ons kyk na die mikro-kosmos en luister na quantum-fisika met hulle verstommende uitsprake hoe alles-met-alles saamhang, hoe energie nóg geskep nóg vernietig kan word. Ons hoor die pogings uit die filosofie hoe hulle probeer om God te bewys en ons dink aan die moreel-etiese bewysvoerings dat daar mos een of ander god moet wees.

Maar niks oortref die Bybelse beskrywings van God-in-aksie. Kyk wat Hy doen - en kom tot die besef, wie en wat God is. Reeds hier sou ons ’n uur of twee kon bestee. Maar let op die aksie, die beweging van God, die Absolute wat in die relatiewe, die wêreld ingaan. Dit is wat ons vandag vier.

En as jy hoor: Só lief het God die wêreld gehad, dan mag jy dalk dink - “Liefde”? Wat is dit? Ek moet sukkel om ’n bestaan te voer; niemand gee regtig vir my om nie. Ek het in ’n gebroke familie groot geword waar pa en ma mekaar toegetakel het, waar alkohol die bo-toon gevoer het, waar daar geweld en leuens was.

En kyk na hierdie wêreld - vol oorloë, hongersnood en uitbuiting. Hoe kan enige iemand nog van liefde praat? Kyk hoe lyk Berlyn, Aleppo in Sirië, hoe moor hulle mekaar uit in Suid-Sudan, hoe word mense onderdruk in Noord-Korea en China, hoe speel die wêreldmagte rond met Oekraïne, met Afrika en ander lande. Hoe kan daar enigsins sprake wees van liefde wat in die wêreld inkom? Dis ’n deurmekaar-wêreld met katastrofes war honderde duisende mense telkens hulle lewens verloor. En julle weet wat die dood-oorsaak nr1 in die wêreld is? 45 miljoen aborsies word elke jaar deurgevoer volgens die VN se statistiek. God van liefde?

Voordat ons verder gaan, laat ons van die volgende lied die eerste 2 verse sing. Dit is in só ’n afgryslieke wêreld dat skielik ’n helder lig verskyn het ...

II

dat Hy sy enigste Seun gegee het,

Ons kinders het vir kersfees telkens lyste opgestel wat hulle alles wens. Elkeen van ons het lyste wat ons wens. En sommiges dink, as die ander lief is vir my, sal hulle mos vir my gee wat ek wil wens. En van die lyste van kinders lyk soos die gemiddelde inventarislys van 'n speelgoedwinkel. Ek wil hê! En as jy nie vir my gee wat ek wil hê nie, dan twyfel ek aan jou liefde.

Nee, daarom word hierdie vers vir ons gegee dat ons sal weet: God is geen Kersfeesvader nie en ook geen Paashaas nie. Hy is die absolute God van hemel en aarde. En daar is niks wat Hy sou benodig of van ons sou verlang nie. Niks nie. Hy het ons geensins nodig nie. Maar dit is Hy wat sy liefde daarin bewys, deur dat Hy opoffer. Dit is Hy wat gee. En Hy sy alles, sy beminde Seun. En in die Seun gee Hy Homself.

Liefde gaan oor in aksie deur te gee.

Ons gee telkens van ons oorvloed, dit kos ons nie té veel nie, net so bietjie sodat ons self nog genoeg oor het. Maar God gee sy alles.

Daar is baie goeie deugde in hierdie wêreld te sien; mense wat groot geskenke maak, heelwat tyd en geld opoffer, maar baie selde sal jy iemand sien dat hy/sy sy lewe opoffer. 'Niemand het grootter liefde nie as die ene wat sy lewe gee vir sy vriende / vyande' sê Jesus.

En God het sy Seun, sy enigste, unike Seun gegee in krip van Bethlehem. "Jy gaan nou uit die hemelse sfere en word mens" sê die Vader. Paulus beskryf in sy brief aan die Filipense 2 dat Jesus so te sê, sy goddelikheid uitgetrek het soos 'n kleed en menseklere aangetrek het, soos 'n mens onder mense onder ons gewoon. Maar God het sy Seun uitgelewer deur Jesus se lewe leeftydperk, as kind, as jong man, as volwassene. Die hele lewe van Jesus kan beskryf word as opoffering. Hy het dit nie nodig gehad nie, maar Hy doen dit vir ons, vir jou en my, sodat ons die pad deur die lewe nie alleen hoef te stap nie.

God weet in Jesus wat dit beteken om mens te wees in alle fasette, sodat jy nooit as te nimmer hoef te wonder, of God jou verstaan nie. Hy weet. Hy ken elke versoeking, elke droefheid en vreugde, elke leed en siekte, elke depressie of vervolging.

En uiteindelik gee God se Seun oor aan die kruisdood van Golgotha. Uitgelewer aan die magte van sonde, dood en duiwel, skree Hy aan die kruis: My God, my God, waarom het U my verlaat?

Sien, dít is die liefde waarvan Johannes praat: So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy unike, enigste Seun oorgegee het ...

Kom ons sing die volgende twee verse van die lied wat ons begin het...

III

sodat dié wat in Hom glo,

ek het sommer die sinonieme vertalings bygevoeg: sodat elkeen / wie ook al / uit alle tale, kulture, rasse, volke / ja sommer almal wat glo.

Nou, hierdie houding van God het Nikodemus nie geweet nie. Ek roep in herinnering die konteks waarin Jesus hierdie uitsprake gemaak het. Een van die Joodse hoogleraars, Nikodemus, kom in die nag na Jesus toe en begin om 'n paar vrae aan Jesus te vra. Jesus verduidelik vir hom baie mooi waaroor dit gaan. Jesus gee toeligtig in God se wese. Ja, Nikodemus het geweet dat God lief is vir die Jode en dat sommige Jode nie so mooi in God glo nie en sommige fariseërs ook erg die pad byster geraak het. Maar God bly lief wees vir die uitverkore volk Israel. Nee, verduidelik Jesus, almal, die hele aarde, alle volke, elke individu is spesiaal in God se oë. God wil hê dat niemand verlore gaan nie maal almal tot insig van die waarheid sal kom. - dit het Nikodemus nog nie geweet nie.

En nou kan jy gerus dink aan alle volke ... die Russe, Arabiere, selfs die Amerikaners, die inboorlinge van Afrika, Aborigenies van Australië, Eskimos, Europeërs, Suid Amerika Latinos ...

Selfs mense in ons land, ook diegene waarvan jy nie hou nie: Pres Zuma, jou werkgewer, jou buurman/vrou, 'n familielid. Jy besef dat God oneindig lief is vir jou, maar vir die ander? Ja, sodat elkeen wat glo:

Die woord “glo” klink asof dit 'n voorwaarde is. Ja en nee. Nee, dit is nie 'n voorwaarde sodat God na 'n individu sal kom nie. Hy kom, ongeag of die persoon 'n atëis is of 'n “heilige” pous. God kom. Maar sodat jy baat kan vind by God se verlossingsdaad in Christus, sal jy dit moet toelaat. Jy is by magte, om God te verjaag.

In destydse OosDuitsland (DDR) het eenkeer die staaltjie die rondte gedoen dat 'n sekere posseël nie op koeverte wou kleef nie. Die posseël was uitgereik ter ere van die destydse onpopulêre ministerpresident. En was heel verbaas dat die bevolking daarvoor gekla het dat hierdie spesifieke seël nie wou kleef nie; het die wetenskaplikes bymekaar geroep en getoets wat dan nou vout mag wees. Uiteindelik het hulle vasgestel, dit is inderdaad so dat die seël nie klee nie maar die rede was dat die mense op die verkeerde kant gespoeg het.

So gaan dit ook met die seël wat God uitgegee het as verseëling van die ewige lewe. Sommige mense spoeg op God se liefde. Hulle wil dit nie hê nie, hulle maak dit belaglik, hulle gooi dit in die asblik. Hulle gesef nie wat hulle eintlik weggooi nie.

Laat ons antwoord op God se goedheid wat Hy in Jesus vir ons gegee het, deur vers 5 te sing ...

IV

nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Kan iemand vir tye en ewigheid verlore gaan? Daar is baie wat beweer dat met die dood alles uit, klaar, schluß en verby is. Daar kom niks meer nie. Ook sogenaamde christelike predikers verkondig dit. Die alombekende prediker, Joel Osteen, verkondig in sy boek “Your best life now” dat God jou hier-en-nou ryklik wil seën. En die klem lê op “ryk”, en hy gebruik sy eie lewensstyl in luksheid en weelde om te illustreer hoe God ook jou lewe wil seën, solank jy net op dit fokus wat jy nou wil hê. “The law of attraction” noem hulle dit; waarop jy konsentreer, dit sal na jou toe kom. Wat in die hiernamaals kom, hoef jy nie te worrie nie, want God is mos lief vir jou. Sulke sogenaamde “properisty gospel”-predikers sal die deur die oordeel van God getref word.

Daarom het ek aan die begin v 36 bygevoeg om die kontras tussen geloof en ongeloof toe te lig: *Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom.*

Die Bybel stel dit onomwonde: ewige lewe - dit is jou uiteindelijke bestemming. En daarom moet jy fokus op die ewige lewe dat jy dit nie mis nie. En dan sal jou lewe hier-en-nou ook gestalte kry, want Hy wat Homself opgeoffer het, waarborg vir jou sy onverdeelde liefde.

Weereens, hierdie liefde bewys homself in opoffering, in diensbaarheid, in genesing en vergifnis. Hierdie liefde wil verhoudinge genees - allereers die verhouding tusse jou en jou Skepper, tussen God en mens, en dan ook tussen mense. Liefde is die aantrekkingskrag wat deur die hele kosmos gaan. Maar die Eenheid word bewerkstellig deur *opoffering*, nie deur mag, dwang of wet nie.

As jy dink, jy word nie bemin, jy sien niks van die liefde nie - dan kyk na die kruis. As jy ly onder siekte en pyn en jy wonder wat God met jou in gedagte het - dan kyk na die kruis. As mense jou onreg aangedoen het of selfs vir jou geloof verag en jy voel alleen soos 'n pikewyn in die woestyn - dan kyk na die kruis. Daar is God se liefde in aksie. En jy weet van die kind in die krip en die opstanding op Paasfees; dit alles hoort saam in die boodskap van Kersfees.

En nou nog 'n laaste Woord. **In dié lig sien ons die lig.** Vir ons vandag is Joh.3:16 soos 'n stêr van Betlehem.

Kersfees is die tyd dat ons vir mekaar **geskenke** maak. En met elke geskenk herinner ons mekaar aan dié geskenk wat die Here vir ons gegee het. En wat doen ons gewoonlik met geskenke? Sit ons dit eenkant en sê vir die Gewer: “dankie en totsiens”? Laat ons dit toe dat stof op die geskenk vergader? Nee, ons pak dit uit? Ons wil sien wat in die pakkie is! Die Here gee vandag vir ons nie letterlik 'n pakkie nie, maar Hy gee vir ons sy Woord, sy doop, sy nagmaal, sy erediens, sy gemeenskap van gelowiges. Hierdie woord vir ons toegesprek.

Vandag, en elke Sondag weer word die vergifnis aan ons toegesê. En in hierdie pakkie, in hierdie Woord kom Hyself na ons toe. Nou lees hierdie vers nog een keer, en waar die stippelpunte is, voeg asseblief jou naam in:

God het vir só lief dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat ... wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

Dit is God se geskenk vir jou. Amen.

